

SPESIALE AANBOD VAN

HEMDE.

Ons bied 'n beperkte hoeveelheid manshemde met twee los boordjies, in populêre kleure, aan teen

12/6

Kom sien hulle in ons vensters en doen u keuse vroegetydig.

DIE EIKESTADWINKEL
(Edms.) Bpk.
PLEINSTR. AAT,
Stellenbosch.

DIE Matie

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.
ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

VILJOEN

se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
FIETSE EN FIETSPARTE NOU IN VOORRAAD.
Alles teen die billikste terme.
Onthou—
Net langs Suikerbossie.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

VRYDAG, 24 JULIE 1942.

PRYS 1d.

DEEL II, No. 17.

Ons Volksbeweging A.N.S. Stel Duidelike Standpunt

Op sy jongste kongres het die A.N.S. na aanleiding van 'n deeglike studie van die onderwerp „Volksbeweging,” die volgende samevattende besluit geneem:—

Op grond van 'n deeglike ondersoek in verband met die vorm en inhoud van die wordende Volksbeweging op ons eie landsbodem en

DIE A.N.S. SE NEGENDE KONGRES

Goedgeslaagde Sametrekking in Pretoria

Noorde en Suide Staan Saam In Stryd Teen Liberalisme

Die negende Jaarlikse Kongres van die Afrikaans-Nasionale Studentebond het in die afgelope vakansie vanaf 4 tot 6 Julie in Pretoria plaasgevind.

In Elke opsig was hierdie sametrekking van ons uniale studentebeweging in die stad van Paul Kruger 'n geslaagde krassmonstering. Al twaalf takke van die A.N.S. was daar verteenwoordig, en die vyftigtal afgevaardigdes het saam met die kongresbesoekers in die Voortrekkertehuis tuisgegaan, terwyl die kongressittings in die Intersaal van die Voortrekkeruniversiteit plaasgevind het. Saam met die A.N.S. het ook die afgevaardigdes van die F.C.S.V. vir hul kongres vergader.

OPENING DEUR EREPRESIDENT.

Saterdagmiddag, die 4e, om halfdrie het die Erepresident van die A.N.S., Dr. Hans van Rensburg, die Kongres geopen met 'n toespraak oor „Ons Volksbeweging.” Hierdie rigtinggewende referaat het terselfdertyd gedien as inleiding tot die onderwerp wat op hierdie Kongres deeglik bestudeer is, die mees aktuele saak van die dag vir elke Afrikaner, nl. —

VOLKSBEWEGING.

Hierdie onderwerp is vir die Kongres verder in al sy aspekte baie deeglik toegelig deur deskundiges soos Prof. A. J. H. van der Walt, Prof. L. J. du Plessis, Mnr. D. G. Franzsen en Dr. P. J. Meyer. In die skitterende referaat van Dr. Meyer oor „Die Toekomstige Ordening van die Volksbeweging in S.-A.” het hierdie afdeling van die kongreswerkzaamhede sy hoogtepunt bereik.

Deur die bestudering en bespreking van hierdie onderwerp (die referate sal almal binnekort in Wapenskou publikasie geniet) het die Kongres 'n groot taak verrig wat sonder twyfel nog belangrike resultate sal lewer.

Voor die F.C.S.V. het Dr. C. J. H. de Wet en Mnr. H. R. Strauss referate gelewer.

A.N.S.-SAKE.

Op grond van bogenoemde studie kon die A.N.S. opnuut sy geloof in die gedagte van volksbeweging in kragtige trekke omlin, soos uit meegaande besluit van die Kongres blyk.

Wat betref sake rakende die organisasie self, was daar verskillende minder belangriker beskrywingspunte t.o.v. konstitusionele wysigings, en het die mees gewigtige besprekings gedraai om die posisie van die A.N.S. teenoor ander organisasies.

Die standpunt van die Kongres, soos geformuleer in die besluit elders in hierdie uitgawe, was 'n bevestiging van die vorige Kongres se houding, nl. dat die A.N.S. sy eie positiewe rigting en sy selfstandigheid handhaaf. Hy verwelkom egter die samewerking van ander organisasies, soos by voorbeeld op Stellenbosch, waar die plaaslike tak vir praktiese doeleindes saam met die O.B.-kommandos optree in 'n Anti-liberalistiese Front om die aartsvyand van die A.N.S. te bekamp.

EENHEID.

Die uitstaande kenmerk van hierdie besprekings was die pragtige gees van eendrag tussen Noorde en Suide (sien ons inleidingskolomme, wat hierdie Kongres blykbaar vir die eerste keer en finaal verwesenlik het. Dit ly geen twyfel nie dat Stellenbosch se A.N.S.-tak alle ondersteuning van Potchefstroom, Pretoria e.a. sentra in die Noorde geniet in sy stryd teen die liberalisme in ons „Volksuniversiteit.”

KRANSLEGGING BY KRUGER-GRAF.

Die stryd van die A.N.S. is die stryd om in aansluiting by die huidige geestesverjonging wat oor die wêreld posvat, die oorblyfsels van die Britse liberalisme in Suid-Afrika uit te roei en die Boere-Calvinisme van Paul Kruger se staat weer te verwesenlik in die Derde Afrikaanse Republiek.

In hierdie gees het die A.N.S. tydens die Kongres met 'n kranslegging by Paul Kruger se graf weereens hulde gaan bring aan sy grootste Afrikaanse volksman en held.

So het die A.N.S. op sy negende Kongres met nuwe krag en moed sy taak weer aanvaar.

A.N.S. en Ander Organisasies

Kongres Formuleer weereens Sy Standpunt

Die A.N.S. het op sy jongste kongres sy houding t.o.v. ander Afrikanerorganisasies as volg geformuleer:—

Die A.N.S.-Kongres beroep hom hiermee, na aanleiding van die ontevredenheid wat in die dagbladpers deur sommige A.N.S.-takke gelug is in verband met beweerde kankeries binne die organisasie, op die fundamentele ontstaansgronde en doelstellinge van die beweging. Die A.N.S. het as eerste doel die ideologiese en praktiese uitlewing en vergestaltung van die Calvinistiese beginsels waarop die toekomstige Boerestaat gebou moet word. Hy aanvaar die beginsels van verantwoordelike leierskap en gesag as integrale onderdele in bostaande taakstelling.

Ter verwesenliking van hierdie stellingname teenoor ons teenswoordige politieke ontwinging, is die vernaamste werksaamhede van die A.N.S. die vernietiging van die laaste reste van die volksverdelende liberalisme wat ons van 'n uitheemse staatsstelsel oorgeërf het. Ons glo dat die liberalisme aan die wortel van ons verkeerde volkswaardes en begrippe lê.

In hierdie taakstelling beklemtoon die A.N.S. weereens sy volkome selfstandigheid en onafhanklikheid as studentejeugbeweging teenoor ander Afrikanerorganisasies. Hy is egter terdeë daarvan bewus dat die verskillende A.N.S.-takke in hul stryd teen die liberalisme met velerlei sluipgedaantes van hierdie Volkskanker te doen kry. Noodwendig verg dit verskillende modi operandi van die aparte takke, en die A.N.S. sal dus ook in hierdie stryd die samewerking van mede-Afrikaner-

Vervolg op bls. 3 kol. 3.

MATIES

ONTHOU!

Die

REKREASIE SALON'S
Is hier om tot Diens te wees
Vir beide Mans en Dames
Studente.

Foon 317.

Reg oor die Poskantoor.

Suikerbossie Melksalon

HOOFKWARTIER

van

GESONDHEID.

Ligte Etes, Melkdranke
(warm en koud), Koffie,
Tee en Lekkers.

Onder persoonlike toesig van
OOM HUGO.



Dr. Hans van Rensburg is op die jongste kongres eenparig herkies tot Erepresident van A.N.S.

in die buiteland, wil die A.N.S. in aansluiting by vorige A.N.S.-Kongresbesluite sy standpunt formuleer.

Die Boerevolksbeweging gryp ver terug in ons volksgeskiedenis en word beliggaam in 'n onverbidelike historiese kontinuïteit. Met die nasieskeppende volksbeweging, die Groot Trek, wat sy volwasse nasionale gestalte gekry het in die twee

Vervolg op bls. 4. kol. 4.

Goeie Raad!

Vir Netjiese Drukwerk en ander Skryfbehoeftes

Besoek

DOWSON

Ons Staf tot U Diens.

APTEKERS

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan. Deskundige Fotografiese Handelaars.

Maak gebruik van ons
Vlugge Fotografiese
Posdiens.


JOERNING EN SEUN

(Eiens) Bpk.

Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

Dames dis u plig om u hare by die
DAMES HAREVERSORGING-SALON
 te laat versorg.
U voorkoms is hoofsaak.
 U onderskeiding by ons versker die vordering van die Afrikaanse ondernemingsgees en versorg werk vir die Afrikaner dogter.
Ons pryse is na u smaak.
Dagbreek-Dames-Hareversorgingsalon
 Langmarkstraat 141, **KAAPSTAD.**
 (Grondvloer).
 Skakel 2-5662.

R. MÜLLER
 EERSTE vir KLAVIERE, VLEUELS, ORRELS.
 Alle ander soorte **MUSIEKINSTRUMENTE, MUSIEKALE BENODIGHEDE, DRAADLOOSTEELSTE EN GEDRUKTE MUSIEK. WAPENS, AMMUNISIE, ens.**



R. MÜLLER
 (Elens.) Bpk.
KAAPSTAD en STELLENBOSCH.

Tel. 2-1944. Posbus 2657.
R. W. van Rijn,
 BRILMAKER.
 Kamers 601-520 Vyfde Verdieping
Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
 Laat u brilvoorskrif deur my voltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame. Spesiale afslag vir studente.

Van der Stel Bottelstoor
Andringastraat STELLENBOSCH
 (Foon 94.)
 Wyn, Brandewyn en Bier altyd beskikbaar.
 Onthou groot voorrade koel-dranke altyd op hande.
N.B. — Bel Koos Tredouw
 vir u volgende Partytjie.

Die Plaza
 Don. 23, Vry. 24 en Sat. 25 Julie
 Middagvertoning Saterdag. 3 n.m.
COTTAGE TO LET
 EEN VAN DIE JAAR SE
 OPSPRAAKWEKKENDSTE
 MISTERIE RILLERS.
 Hoofrolle deur
Leslie Banks
John Mills
 Jeanne De Casalis — George Cole
 Alastair Sim.

DIE MATIE

Hoofredakteur: A.N.S.-Taksleier.
 Redakteur: P. A. Theron.
 Ass.-Redakteur: B. J. v. d. S. de Villiers
 Nuus-Redakteur: D. F. v. d. Merwe.
 Besigheidsbestuurder: S. P. Botha.
 Spesiale Medewerkers: D. G. Franzsen, W. R. Laubscher.

Deel II. 24 JULIE 1942. No. 17.

A.N.S. Sluit Sy Geledere

Die Afrikaans-Nasionale Studentebond sal in die toekoms met 'n mate van trots en heelwat voldoening kan terugkyk op sy Negende Kongres wat die afgelope vakansie in Pretoria gehou is.

Uit die hele aard van die Kongres het duidelik gebyk dat die A.N.S. hier weer sy kenmerkende oortuiging, durf en intuïtiewe aanvoeling laat geld het. Nie alleen het hy sy geloof in die gedagte van *Volksbeweging* opnuut bevestig nie, maar hy het ook in hierdie verband weereens die leiding geneem deur onder die aanvoering van verskeie deskundiges die gedagte uit the bou en duidelik die spesifieke doeleindes van ons Afrikaanse volksbeweging, vanaf die Paul Krugersstraat tot in die Derde Afrikaanse Republiek van Môre, te formuleer.

Eenheid.

Maar dan bly die uitstaande kenmerk van die jongste Kongres nog die pragtige gees van eendrag wat daar geopenbaar is tussen die Noorde en die Suide. So 'n eenheid soos die A.N.S. in die loop van die jare in sy geledere opgebou het en wat in hierdie Kongres gekulmineer het, kon geen ander Afrikaanse organisasie tot nogtoe heeltemal verwesenlik nie. Dit het in die verlede te dikwels gebeur dat Afrikaners van die Noorde en van die Suide (veral in akademiese kringe) met mekaar nie genoeg kontak kon vind nie omdat hulle mekaar se standpunte nie geken en nie verstaan het nie.

In 'n land soos Suid-Afrika met sy lang afstande en sy geografiese verskille is soiets heeltemal verstaanbaar. Ongelukkig het ons geskiedenis en die ontwikkeling van land en volk nie daartoe bygedra om hierdie kloof uit die weg te ruim nie; intendeel. Die Britse liberalisme het in die Suide honderd jaar langer as in die Noorde feitlik vrye teuel gehad, en hierin lê die *fons et origo mali*.

Dit het mens trouens in die verlede op 'n A.N.S.-Kongres dadelik getref dat die gemiddelde Afrikanerstudent van die Noorde baie nader aan die gees van die Boere-Calvinisme van Paul Kruger se Republiek gestaan het as die student van die Suide. Vandaar menige botsing op Kongresse omdat die Noorde hulle nie kon vereenselwig met die standpunt van die „liberaliste van die Suide” nie.

Liberalisme.

Dat die Suide (by name Stellenbosch) hierdie verwyf van „liberalisme” hom nie onverdiend op die hals gehaal het nie, val nie weg te redener nie. (Soos ons hierbo aangetoon het kon dit uit die aard van die saak nie anders nie). Hierdie stelling kan met meer as een voorbeeld geïllustreer word: by voorbeeld, Stellenbosch se laksheid teenoor die A.N.S. self by sy stigting, Stellenbosse studente se verwerping in die A.N.S. verlede jaar van die leierskapsbeginsel, en Stellenbosch se huidige betreuenswaardige houding van apatie teenoor die onlangs ge-

Die Oorlog

XVII. Rusland

„De Waereldgeschiedenis is 't Waereldgericht,
 Vergelding, de wet der Historie.”
 — Ten Kate.

DIE SLAG VAN DIE DON

Sedert „Die Matie” se laaste verskyning op 19 Junie het daar oorlogsgebeurtenisse van die grootste belang plaasgevind, gebeurtenisse wat op die verloop van die oorlog waarskynlik 'n beslissende uitwerking kan hê. Dit is veral aan die suidelike deel van die Russiese front waar die grootste slae vandag gelewer word. Toe die Russe en die Duitsers enige maande gelede albei aanspraak op groot oorwinnings in die omgewing van Karkof gemaak het, was die houding van die verstandige kommentator, met die oog op die teenstrydige berigte, een van afgag-

Deur Prof. J. A. Wiid

ting. Werklike oorwinnings soos werklike nederlae kan nie lank geheim gehou word nie. Uit die jongste gebeure blyk dit dan ook nog eens dat die die Russiese oorlogsberigtinge oor hulle suksesse voor Karkof, net soos oor hulle winteroffensief, erg optimisties was. Dit blyk vandag dat die slaankrag van die Spilmagte geensins verswak het nie. Vir menigeen, wat deur 'n erg opti-

stigte Afrikaanse Sportunie.

Aan hierdie toestand van sake het die A.N.S. nou 'n einde gemaak. Binne hierdie uniale studentebeweging, het die Kongres bewys, is daar nou 'n eenheid tussen Noorde en Suide opgebou. Die oorsaak hoef mens nie vër te soek nie.

Soos hierbo aangedui, was dit Afrikanerliberalisme wat hierdie eenheid dikwels verbreek het — Afrikanerliberalisme, kind van die Britse liberalisme in Suid-Afrika. Nou was dit van die begin af juis die roeping van die A.N.S. om hierdie Britse liberalisme in ons land aan die kaak te stel.

Noorde en Suide staan saam.

En aan die begin van hierdie jaar het die A.N.S.-tak van Stellenbosch dit sy jaartaak gemaak om in 'n Anti-liberalistiese Studentefront plaaslik hierdie stryd met alle krag te voer. Die stryd het reeds sy vrugte afgewerp. In die A.N.S. het die Noorde en die Suide mekaar in die stryd teen die Britse liberalisme finaal gevind. Op Stellenbosch woed hierdie stryd miskien juis die kwaaieste, want die Suide staan op hierdie punt vir die Noorde vër agter. Die Negende Kongres het bewys dat Stellenbosch se Studentefront in sy stryd die daadwerklike steun van sentra soos Potchefstroom, Pretoria e.a. in die Noorde geniet.

Hierdie feit aanvaar Stellenbosch se Anti-liberalistiese Studentefront met dankbaarheid omdat hy daarin die erkenning van sy pogings sien; dit dien hom tot bemoediging en aansporing in die stryd.

Dankie, Van der Sandt!

Van der Sandt de Villiers moes ons aan die einde van verlede kwartaal verlaat omdat hy 'n betrekking aanvaar het. Ons bied hiermee aan hom ons hartlike dank vir die ywer en talent wat hy aan die dag gelê het as sub-redakteur van „Die Matie.” Met die geskrewe woord het mnr. de Villiers hom steeds onderskei in die stryd van die Anti-Liberalistiese Front op Stellenbosch.

Ons wens hom hiermee alle sukses toe op die werk wat hy aanvaar het.

mitiese propaganda mislei is, moet die geweldige en blitssnelle offensief van die Duitsers op 'n breë front tussen Karkof en Kursk, 'n onaangename verrassing wees.

WATTER BETEKENIS KAN HIERDIE OFFENSIEF VIR DIE RUSSE HÊ?

Na die besetting van die taai-verdedigde Russiese vesting Sebastopol, het die Spilmagte tussen Karkof en Kursk blitsvinnig in oostelike rigting na die Donrivier opgeruk en vandaar (Woronez) suidooswaarts in die rigting van Rostof en Stalingrad geswenk. Op die oomblik het

die voortmars van die Spilmagte reeds gevaarlik vër gevorder en dit kan vir die Russe, indien dit nie dadelik gestuit word nie, noodlottige gevolge hê. Dit kan beteken dat Rusland nie alleen sonder sy vernaamste graangebiede — die belangrikste deel het reeds verlede jaar in Duitse hande gekom — maar ook sonder sy vernaamste nywerheidsgebiede sal moet klaar kom. Wat dit vir die moderne oorlogvoerende land beteken, behoort vir elkeen duidelik te wees. Maar hongersnood en gebrek aan moderne oorlogstuig is nie die enigste gevare wat die jongste Duitse offensief vir die Russe lewer nie. As Spilmagte daarin sou slaag om die Donrivier en ook 'n gedeelte van die Volgarivier in die omgewing van Stalingrad te beheer, dan sou dit beteken dat Rusland nie alleen sonder lewensbelangrike waterweë sal moë klaarkom nie maar dat die hele gebied tussen die Swart en Kaspiese seeë, d.w.s. ook Kaukasië met sy ryk oliebronne, feitlik afgesny word. Ook sou die toevoer van Britse en Amerikaanse oorlogstuig oor die Persiese Golf aan die Russies bondgenoot erg belemmer word met die Duitsers op die Volga. Afgesien van dit alles staan groot Russiese leërs tussen die Don en die Donetsriviere vandag in groot gevaar om omsingel en uitgewis te word of in elk geval hulle oorlogstuig in die steek te laat.

GEVAARLIKE TOESTANDE IN RUSLAND

Rusland verkeer dus vandag in 'n baie ernstige posisie. Dit word ook ronduit in Geallieerde en Russiese kringe erken. So het die Rooi Stief die orgaan van die Russiese leërs op 19 Julie verklaar: „'n Dreigende toestand is in die suide geskep. . . . As die vyand se strategiese planne slaag, sal die gevaar vir ons land vertienvoudig word.” Hierdie gevaar was reeds ernstig vóór die jongste Duitse offensief.

Vervolg op bls. 4 kol. 2.

Geluk, Pretoria!

„Die Matie” wil die A.N.S.-takke van Pretoria hiermee graag gelukwens met die wyse waarop hulle die jongste Kongres gereël het en die aangename verblyf wat hulle aan kongresgangers verskaf het. En namens die Stellenbosse tak, hartlike dank!

Intussen kyk 'n mens uit na die dag wanneer die A.N.S. studenteafdeling van ons volledig ontplooide Volksbeweging in ons eie staat, jaarliks 'n kongres sal kan hou wat ook sover dit die getalle van kongresgangers betref, werklik 'n kragmontering van ons studentejeug sal wees.

EX LIBRIS

Ds. T. N. Hanekom.

BROEDERMOORD!

Gen. 4:9. „Toe sê die Here vir Kain: Waar is jou broer Abel? En hy antwoord: Is ek my broer se wagter?

Die eerste moord waarvan ons lees in die Bybel was 'n broedermoord, en die eerste bloed wat vergiet is op die aarde was broederbloed. Dit het so gebeur. Die een was groot en sterk, 'n eersteling vir sy moeder. Voor hom het alle weë oopgegaan, en indien nie, het hy hulle oopgebreek. Maar na bô, na God, was sy weg gesluit, en die grendels van die geslote hemel laat hulle nie verbreek, nog deur krag, nog deur geweld. Hierdie mens, wat met soveel belofte die lewe ingestap het en stamvader van 'n kunstenaars-geslag geword het, is vir ons die tipe van die mens wat sy rug op sy Skepper gedraai het, en ook op sy medeskepsels in hierdie wêreld.

Die ander een was ook maar 'n mens, 'n mens van vlees en bloed, met meer as een gebrek. En tog was alles anders. Sy weg deur die wêreld was dikwels versper, en die harte van die mense dikwels toe vir hom. Ook by sy moeder was hy nie die eerste nie. Miskien was dit ook maar goed, want daar staan geskrywe, dat baie eerstes dikwels die laastes word. Op die weegskale van die ewigheid weeg die hart. Die mens sien wat voor oë is, maar God sien die hart aan.

MUSIEK-VERENIGING

Lesing oor Chopin

Volgende Donderdag (30 Julie) om 8 n.m. sal mnr. Hubert du Plessis, ons alombekende pianis, 'n lesing hou oor Chopin in die Konservatoriumsaal. Die lesing sal opgehelder word deur die komponis se uitstaande werke.

Alle belangstellendes is hartlik welkom.

Van die begin af egter was daar in die lewe van hierdie man sigbaar 'n wonderkrag, die krag van die geloof wat sterk is in die Here. Oor hom het die boog van Gods genade gespan, en op hom het die welbehag van die Here gerus. En dit was 'n ruime vergoeding vir die voorkeur van die wêreld wat hy moes ontbeer. Die hemel was vir hom oopgemaak; nie van onder af nie maar van bô af; ook nie deur krag of geweld nie, maar deur die vinger van Gods almag!

Die groot kloof wat hier tussen mens en mens, tussen broer en broer, gegaap het, het dus meer as een oorsaak gehad. Daar was die groot geheimenis, wat wegraak agter digte newels, waardeur die lotsbestemming van die menslike lewe bepaal en beheers word. Dit is die groot verborgenheid, die diepe wysheid, die omsluerde raadsbesluit van die Ewige Heerser, wat onderskeid maak tussen mens en mens. Selfs tussen broers uit die selfde huis! Maar 'n ander oorsaak was die sonde, die sonde wat aan die lig tree en gesien word op die helder dag. Ook dit is 'n groot mag. Dit maak van 'n broer selfs 'n moordenaar.

„Is ek my broer se wagter?” so hoor ons Kain vra. En hy was reg. Hy is nie sy broer se wagter nie, maar sy moordenaar. Hy is selfs nie sy broer se broer nie, maar sy vyand. Die aarde kan dit vertel, want dit is met bloed bevlek. En ook die hemel weet daarvan, want daar het 'n stem van bloed opgegaan. Dit is die bloed van Abel wat roep tot God van die aarde af, en daarin hoor ons die klag dat sy broer sy moordenaar geword het. Treuriger tyding

A.N.S. Bestudeer Volksbeweging-Idee.



Dr. P. J. Meyer.



Prof. A. J. H. van der Walt.

Die A.N.S. het op sy jongste Kongres waardevolle werk verrig met 'n deeglike studie oor die Volksbeweging. Die volgende uitstaande referate — wat almal in Wapenskou gepubliseer word, is gelewer:—

Dr. J. F. J. van Rensburg: „Ons Volksbeweging.”

Prof. A. J. H. v. d. Walt: „Volksbeweging in die Paul Kruger-Staat.”

Prof. L. J. du Plessis: „Die Teenswoordige wording van die Volksbeweging in S.-A.”

Mnr. D. G. Franzsen: „Volksbewegings van die Buiteland.”

Dr. P. J. Meyer: „Die Toekomstige Ordening van die Volksbeweging in S.-A.”



Prof. L. J. du Plessis.

het nooit die hemel bereik nie! Die verskeurdheid van ons menslike lewe, die haat, die vyandskap, het ons dus ook by God bekend geword.

Dat ons verskil en ook verdeel is, kan ons verwag in hierdie wêreld. Dit is nie so ernstig nie. Dit kom weer reg. „Alles kan reg kom.” Maar wanneer daardie verdeeldheid so diep inkanker in ons lewe dat dit deurdring tot die ewigheid, dan word dit anders. Nooit is ons meer verdeeld en verskil ons verder van mekaar, dan wanneer ons lewe geskei word deur 'n geestelike verskeurdheid, wat sy grondwortel het in 'n verskillende verhouding tot ons God. Wanneer ons voor God verdeeld staan, dan is ons waarlik verdeeld, ja, meer. Ons is dan verskeurd in die diepste van ons wese.

Wie dus na eenheid soek, maak

UNIALE BESTUUR A.N.S., 1942-1943

Op die jongste Kongres van die A.N.S. is die volgende persone herkies as Uniale Bestuur vir die jaar 1942—1943:—

Erepresident: Dr. J. F. J. van Rensburg.

Uniale Leier: J. Postma.

Provinsiale Leier, Suide: W. A. Joubert.

Prov. Leier, Middellande: D. J. Viljoen.

Prov. Leier, Noorde: W. van Eck.

Org. Sek.: J. F. W. Haak.

Redakteur „Wapenskou”: D. G. Franzsen.

Onderstaande is die Assistent-Leiers van die drie wyke:—

Suide: W. R. Laubscher.

Middellande: L. Barnard

Noorde: K. S. van Wyk de Vries.

dit reg met sy Skepper in die eerste plek. Daardeur word weggeneem die wortel van haat wat sy lewe verbitter teen sy broer. Ons is mekaar se wagers! Ons is mekaar se broers! Die bloed wat vloei in my broer se are is ook my bloed. Vergiet ek my broer se bloed dan vergiet ek my eie bloed en word ek aangekla voor God deur my eie bloed. Broedermoord en selfmoord is dus maar dieselfde voor God.

Die bloed van Abel roep tot God

Vervolg op bls. 4 kol. 1.

A.N.S. EN ANDER ORGANISASIES

Vervolg van bls. 1 kol. 5.

ganisasies verwelkom. In hierdie verband sal elke tak sy optrede bepaal met die goedkeuring van die Hoofbestuur. Dit sal egter nie vir 'n tak vrystaan om mosies van sensuur aan te neem ten opsigte van die spesifieke bestrydingsvorme van die liberalisme op ander takke nie. Die gewenste sintese uit hoofde van die A.N.S. se verhewe Calvinistiese roeping en onvervreembare anti-liberalistiese taakstelling berus slegs by die Uniale Leier as hoogste gesagsdraer in die A.N.S.

HALDENWANG!!

HEERLIKE GEBAK — NET WAT U HART BEGEER.

Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAT en probeer ons Koek, Tert, Botterbroodjies en alles wat lekker is.

(FOON 135)

Alfred Blommaert,

(Foon 48 en 176)

Kerkstraat,
STELLENBOSCH.

KRUIDENIERSWARE

- - YSTERWARE - -

- - PRODUKTE - -

Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

Daar's 'n Rede

Die knapste Student kry die beste pos.

Die beste Drukwerk trek die meeste aandag.

Ons is bekend vir kwaliteit drukwerk teen konkurrerende pryse.

Pro Ecclesia-Drukkery,
Die Laan, Stellenbosch.

'n Nuwe Jag-verhaal, deur Prof. P. J. SCHOEMAN

OP DIE
GROOT
SPORE
10/-

in die KWARTEEU-Serie

Nuwe uitgawes in die Springbokbiblioteek:

ZELIA MYER--Nalatenskap 5/6

J. H. GROBLER--As die Skaduwees daal 5/6

REGINA NESER--Blare wat Val 5/6

C.S.V.-Boekhandel
STELLENBOSCH.

DIE
PÉRELSE
STOOMWASSERY

Kom laat die Firma wat die Beste dienste lewer u ook bedien.

Eienaar:

Mnr. W. Marsh.

Rook Springbok-Sigarette

